Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-09-06

Liewe Ouers

TOELATINGS 2025
Aansoek om toelating vir **gr. RR vir 2025** is steeds oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.

KLEIN LOCHIELAND GEMEENSKAPSPROJEK
Baie dankie vir al die skenkings wat ons ontvang het! Ons is baie trots op ons Klein Lochie-ouers se bereidwilligheid en vrygewigheid.

VERLORE KLERE
Ons doen ‘n vriendelike, tog dringende beroep op ouers om asb. u kleuters se klere duidelik te merk! Hier is ‘n groot hoeveelheid ongemerkte, verlore klere. Veral die nuwe Klein Lochieland baadjies. Daar is reeds twee ongemerkte baadjies.

INTERSKOLE
Baie sterkte aan al ons Lochnerhof-spanne wat die naweek aan hul eerste Interskole teen Laerskool Van Riebeeckstrand deelneem. Ons glo en vertrou dit gaan ‘n genotvolle ervaring vir al ons kinders wees.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **KOMMUNIKASIE**

Ons persepsies is:
Getal: **Hersien getal 1 - 8**
Klank: **Hersien alle aangeleerde klanke**

Maandag	9 September:	Ons collage ‘n radio
Dinsdag	10 September:	Verskillende kommunikasiemiddels word bespreek
Woensdag	11 September:	Ons maak ons eie selfoon
Donderdag	12 September:	Ons pos ‘n briefie aan onsself in ‘n posbus by die skool
Vrydag	13 September:	Lekkertjiedag en skoolhempies

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **KLEURE en VORMS**

Ons persepsies is:
Getal: **10**
Klank: **k**
Kleur: **Hersiening**
Vorm: **Hersiening**

Maandag	9 September:	Ons maak voëltjies
Dinsdag	10 September:	Ons meng primêre kleure
Woensdag	11 September:	Ons verf vorms
Donderdag	12 September:	Ons teken ‘n mantekening
Vrydag	13 September:	Lekkertjiedag en skoolhempies

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel